education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

**NOVEMBER 2008**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2, 3 en 4) | (30 punte) |
| AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 5) | (10 punte) |
| AFDELING C: TAAL (VRAAG 6 en 7) | (40 punte) |

3. Lees die instruksies by AL die vrae.


4. Nommer die antwoorde in die middel van die bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

- Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.



## Die Karoo se karretjiemense

1. Die Karoo se karretjiemense voer reeds lank 'n nomadiese bestaan. Met hulle donkiekarre trek hulle van plaas tot plaas. Hulle skeer skape, werk aan die drade en doen ander los werkies. Snags slaap hulle op hulle karretjie onder die sterre.

2. Oom Piet en tant Grieta is twee van dié mense. Oom Piet is op die trekpad gebore. Sy pa het ook geskeer en as die skeerwerk opgeraak het, het hulle na Prieska en Marydale getrek.

3. Dis 'n manier van lewe wat amper uitgesterf het, want oom Piet en tant Grieta is deesdae permanent op Swartkop. Hulle het vir hulle 'n huisie van sink, stene, dagha en die buffer van 'n Chev-kar gebou. Eenkant rus 'n donkiekar.

4. Die karretjiemense trek gewoonlik in groepe van vier of vyf donkiekarre. Hulle neem soms hulle hoenders en selfs 'n verdwaalde boerbok saam. Snags slaap hulle onder sinkplate en houtpale op die karretjie.

5. Daar is 'n goeie verhouding tussen die karretjiemense en die boere. Die boere help met die geboortes van kinders en neem siek en ou mense na die hospitaal.

6. Professor Mike de Jongh van Unisa doen al jare navorsing oor die karretjiemense en hy meen dat daar net 'n duisend oor is. Byna almal woon in *townships* en die jongmense ken nie meer die manier waarop die oumense leef nie.

7. Lank gelede was al die Karoo se inwoners nomadiese veeboere. Later is plase uitgemeet, huise gebou en boerderye begin. Hulle wat nie grond kon bekostig of mag gehad het nie, het toe die karretjiemense geword.

8. Daar is goeie redes hoekom die karretjiemense nie meer van plaas tot plaas trek nie. Daar is vandag min werk vir 'n draadspanner soos oom Piet, omdat 'n draadspanonderneming in 'n dag meer kan doen as hy. Baie boere het hulle eie skeerders, of hulle gaan laai skeerders in die *townships* op. In die Karoo is ook deesdae minder boere op groter plase. Die paaie is afgekamp. Jy kan nie sommer op enige plek waar daar genoeg kos vir jou diere is, stop nie.

9. Dit lyk of die karretjiemense besig is om die prooi van verstedeliking te word – nog 'n kultuurskat van Suid-Afrika wat besig is om te verdwyn!!

[Verwerk uit: *Weg*, September 2007]

| **WOORDEBOEKGEBRUIK** |
|---|
| **buf'fer** s.nw. (-s) Stamper aan motorvoertuie. Eng.: bumper. IsiZulu: bhampa. Sesotho: bampara. |
| **ge•meen'skap** s.nw. (-pe)(-pies) Aantal individue wat 'n saamhorige groep vorm: *In ons gemeenskap kom sulke dinge nie voor nie*. Eng.: community. IsiZulu: umphakathi. Sesotho: sethaba. |
| **no•ma'dies** b.nw./bw. Swerwend, rondtrekkend: *'n Nomadiese bestaan voer*. *Nomadiese volke*. Eng.: nomadic. IsiZulu: ufuduko. Sesotho: hlahlasela. |
| **on-der-ne'ming** s.nw. (-e, -s) 'n Saak/besigheid. Eng.: business. IsiZulu: ibhizinisi. Sesotho: kgwebo. |
| **voer** ww. (gevoer) Kos gee; 'n bestaan voer: *'n bepaalde soort lewe voer*. UITDR.: *'n Slegte bestaan voer.* Sleg lewe. Eng.: lead. IsiZulu: umholi. Sesotho: ketellopele. |
| [Uit: *HAT* en *TWEETALIGE WOORDEBOEK*] |

**VRAE:**

1.1 Watter EEN woord in sin 1 beskryf die soort lewe wat die karretjiemense lei? (1)

1.2 Oom Piet se ouers was permanente plaasarbeiders.

1.2.1 Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

1.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.2.1 deur EEN woord uit paragraaf 2 aan te haal. (1)

1.3 Hoekom kan ons sê dat die karretjiemense *klein* gemeenskappies vorm? (1)

1.4 Hoe verskil oom Piet en tant Grieta se *ou* manier van bly van die *nuwe*? (Vergelyk paragraaf 3 en 4.) (2)

1.5 Watter antwoord pas NIE?
Skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer.

In paragraaf 5 lees ons dat daar 'n goeie verhouding tussen die karretjiemense en die boere is. Hulle help die karretjiemense ...

A om siekes hospitaal toe te vat.
B met die geboortes van babas.
C met permanente blyplek.
D om bejaardes te versorg. (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer.

Die sinsdeel "... dat daar net 'n duisend oor is" (paragraaf 6) beteken ...

A die karretjiemense raak al hoe meer.
B daar is nog duisende karretjiemense.
C daar is minder as 'n duisend karretjiemense.
D die karretjiemense word al hoe minder. (1)

1.7 Watter EEN woord dui aan dat prof. Mike de Jongh 'n opinie uitspreek oor die navorsing wat hy gedoen het? (1)

1.8 Wat is volgens die slotparagraaf die rede waarom die karretjiemense verdwyn? (1)

1.9 Gee EEN woord uit die slotparagraaf wat presies die toon van ontsteltenis van die verteller aandui. (1)

1.10 Net soos in die lewe van die karretjiemense, is daar in elke kultuur iets wat met tyd verander.

1.10.1 Noem EEN ding wat in jou kultuur verander het. (1)

1.10.2 Sê kortliks hoe hierdie EEN ding in jou kultuur verander het. (1)
**[13]**

**EN**

## VRAAG 2: BRIEF AAN ’N TYDSKRIF

- Lees die onderstaande brief aan ’n tydskrif en beantwoord die vrae.

**Sy bederf my aand**

1. Ek was saam met ’n pragtige meisie matriekafskeid toe. Ek het geweet sy het ’n kêrel in ’n ander skool, maar het besluit om die aand spesiaal te maak, want ’n mens het net een matriekafskeid. Ek het ’n swart aandpak gehuur, gesorg vir ’n Duitse motor en ’n ruiker wat by haar rok pas.

2. Sy was glad nie in ’n bui om die aand te geniet nie en sy het kort ná nege-uur verdwyn. Ek was baie bekommerd, want ek is geleer dat ek vir my meisiemaat verantwoordelik is totdat ek haar weer by die huis besorg. Ek kan nie verstaan dat ’n mens so ongemanierd kan wees nie.

3. Die ergste was dat sy maande lank aan my getorring het om haar te vra. Ek weet daar was ander meisies wat graag saam met my sou wou gaan. As ek geweet het sy was so gevoelloos, sou ek haar beslis nie gevra het nie.

4. Nou weet ek: Skoonheid vergaan, maar deug bly staan.

**Teleurgesteld, Durbanville**

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 November 2005]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**bui** s.nw. (-e) Verbygaande gemoedstemming: *Pa is in ’n slegte bui.* Eng.: mood. IsiZulu: imizwa. Sesotho: moikutlo.

**be-sorg'** ww. Aflewer. Eng.: deliver; take somewhere. IsiZulu: thutha. Sesotho: fetisa.

**tor'ring** ww. (getorring) **1** Los maak wat vasgedraai is. **2** (fig.) verander: *Aan die werk torring*. **3** (by uitbr.) Lastig val: *Die kinders torring aan my om strand toe te gaan*. Eng.: Persevere with; keep on doing; bother. IsiZulu: tshweng. Sesotho: tshwena/tena.

[Uit: *HAT* en *TWEETALIGE WOORDEBOEK*]

**VRAE:**

2.1 Na watter skoolfunksie het die briefskrywer die meisie geneem? (1)

2.2 Watter antwoord pas NIE?
Skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer.

Wat het die aand spesiaal gemaak?

A ŉ Ruiker wat by haar rok pas.
B Die Duitse motor as voertuig.
C Hulle het vas uitgegaan.
D Sy gehuurde swart aandpak. (1)

2.3 Waarom het die briefskrywer hom die aand van die matriekafskeid bekommer? (1)

2.4 "Die ergste was dat sy maande lank aan my *getorring* het om haar te vra."

2.4.1 Word die woord *getorring* in paragraaf 3 letterlik of figuurlik gebruik? (1)

2.4.2 Verduidelik in ŉ goeie sin wat die briefskrywer met die woord *getorring* bedoel. (1)

2.4.3 Dink jy die skrywer druk met hierdie woord ŉ positiewe of ŉ negatiewe gevoel uit? (1)

2.5 Verduidelik in jou eie woorde watter les die briefskrywer uit hierdie situasie geleer het. Verwys na die slotparagraaf. (1)
**[7]**

**EN**

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

**Cool! Cooler! Hoezit!**

ATKV

Hou julle oë oop vir Oktober!
Hoezit, die ATKV se eie Afrikaanse kindertydskrif met opvoedkundige leesstof en gesonde vermaak gaan verskyn.

Indien jy graag wil inteken op hierdie tydskrif, dan moet jy 'n e-pos met jou naam en posadres stuur na hoezit@atkv.org.za OF stuur 'n sms met jou naam en posadres na 35477 OF skakel 011 919 9063 (ATKV Hoezit).

Hoezit! Die coolste, Afrikaanse kindertydskrif in die wêreld!




[Verwerk uit: *Taalgenoot*, September 2007]

**VRAE:**

3.1 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en korrekte letter neer.

Hierdie tydskrif se teikengroep is ...

A laerskoolleerders.
B hoërskoolleerders.
C volwasse lesers.
D bejaarde lesers. (1)

3.2 Waarom sal jong lesers van die tydskrif hou? (1)

3.3 Noem TWEE maniere waarop 'n mens op hierdie tydskrif kan inteken. (2)

3.4 Kyk na die logo en sê watter organisasie gee hierdie tydskrif uit. (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en korrekte antwoord neer.

Jongmense gebruik gewoonlik die woord *hoezit* wanneer hulle 'n (onderwyser/vreemde persoon/vriend) groet. (1)

3.6 Die tydskrifnaam staan in die oortreffende trap na COOL en COOLER. Watter boodskap wil die skrywer oordra? (1)

3.7 Motiveer of kritiseer die gebruik van Engelse woorde in hierdie advertensie, in EEN sin. (1)
**[8]**

**EN**

**VRAAG 4: VISUELE GELETTERDHEID – ADVERTENSIE**

- Kyk na die onderstaande advertensie van *Heart Smart*-tablette en beantwoord die vraag.




[Aangepas uit: *Sarie*, September 2003]

4.1 Hoekom pas die woorde in die advertensie by die prentjie van Kupido en sy gebreekte pyltjie? **[2]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 5

- Som die maniere op om jou skoolrugsak te dra sodat jou rug nie seerkry nie.
- Skryf die maniere in SEWE volsinne.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

# REG VIR JOU RUG

**Skoolrugsakke wat oorlaai en verkeerd gedra word, is 'n groot oorsaak van rugprobleme.**

In jou tienerjare groei jy die vinnigste, daarom kan jou rug maklik seerkry. Jou rugsak het bande wat kan verstel. Verstel die bande voor jy die sak op jou rug sit. Jy kan só jou ruggraat beskerm wanneer jy jou sak op jou rug sit of wanneer jy dit afhaal.



Maak seker dat die skouerbande breed en goed opgestop is. Gebruik ook albei bande. Die gewig is dan goed gebalanseer.

Waarom pak jy elke dag al jou boeke in? Volg jou rooster en pak net die boeke in wat jy nodig het. Maak jý jou rug seer met 'n onnodige swaar tas? Rugsakke met kompartemente help om die gewig eweredig te versprei. Pak swaarder items onder in die sak en teen jou rug. Só haal jy die gewig van jou skouers af.

Dit is glad nie snaaks om jou sak en jouself te weeg nie! As die sak veroorsaak dat jy vooroor gebuk loop, dan vra jy vir moeilikheid. Jou rugsak moenie meer as vyftien persent meer as jy weeg nie.

Tieners is onaktiewer as voorheen. Dit veroorsaak dat 'n swaar tas wat verkeerd gedra word, die nek en skouers moeg maak. Koop 'n sak met 'n heupgordel. Dit ondersteun die skouers.

Al gebruik jy 'n heupgordel, moet jy dit reg doen. Die posisie van die sak op jou rug bly belangrik. As dit onder die middellyf hang, gaan jy pyne ontwikkel.

[Aangepas uit: *Huisgenoot Pols*, Somer 2007/8]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 6: WOORD- EN SINSTRUKTURE**

- Kyk na die kaart sodat jy die teks beter kan verstaan.

**'n Eerste in die wêreld vir Suid-Afrika.**

**Die park oor die grense van lande.**




- Voltooi die paragrawe in die linkerkantste kolom met behulp van die instruksies in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord in die ANTWOORDEBOEK neer.

| | | |
|---|---|---|
| Suid-Afrika is 'n (6.1 wêreldleier/wêreldlyer/ wêreldluier) in die ontwikkeling van oorgrensparke. | 6.1 | Kies die korrekte woord met die hulp van die woordeboek.<br>**leier** (-s) persoon wat lei; voorganger, aanvoerder.<br>**lui'er** ww. (geluier). Die tyd in luiheid deurbring; niks uitvoer nie.<br>**lyer** s.nw. (-s) **1.** iemand wat ly. **2.** persoon wat aan iets ly; pasiënt. |
| 'n Oorgrenspark is 'n (6.2 plek waarin wilde diere beskerm word) wat oor die grense van buurlande gevorm word. | 6.2 | Gee EEN woord. |
| Suid-Afrika het hierdie (6.3 uitdaag) projek aangepak. | 6.3 | Gee die korrekte afleiding. |
| Vir die bekendstelling van die oorgrens-parke is (6.4 mense wat iets bemark) aan-gestel | 6.4 | Gee EEN woord. |
| om nie alleen die parke bekend te stel en (6.5 vol) te kry nie, | 6.5 | Gee die intensiewe vorm. |
| maar ook om (6.6 binnelandse) besoekers na Suid-Afrika te lok. | 6.6 | Gee die antoniem. |
| Verder moet die aandag (6.7 met/van/vir) sakemanne soos Cyril Ramaphosa getrek word. | 6.7 | Kies die korrekte voorsetsel. |

| | | |
|---|---|---|
| Hulle sal (6.8 hulle hande diep in hulle sakke moet steek). | 6.8 | Kies die korrekte betekenis vir die uitdrukking. Skryf net die letter van die korrekte antwoord neer.<br>A Baie geld hê.<br>B Baie geld spaar.<br>C Baie geld uitgee.<br>D Baie geld wegsteek. |
| Finansiële (6.9 hulp/help) is nodig om die parke aan die gang te kry. | 6.9 | Kies die korrekte woord. |
| • Die naam van die oorgrenspark in die Vrystaat is die Maloti-Drakensbergpark. | | |
| • Die Lubombo-oorgrenspark bestaan uit vyf (6.10 aparte/apart) oorgrensgebiede | 6.10 | Kies die korrekte woord. |
| en is daarom (6.11 uniek) onder die Suid-Afrikaanse oorgrensparke. Die | 6.11 | Gee 'n sinoniem. |
| parke het (6.12 verlede/gelede) jaar | 6.12 | Kies die korrekte woord. |
| die (6.13 een) fase van die Lubombo-toerismeroete bekend gestel. Jy kan | 6.13 | Gee die korrekte afleiding. |
| die brosjure by (6.14 hulle/julle) kry. | 6.14 | Kies die korrekte voornaamwoord. |
| • Die Limpopo-shashe (6.15 grenspos) tussen Suid-Afrika en Zimbabwe is nader aan die Mapungubwe-nasionale parke. | 6.15 | Gee die verkleiningsvorm. |
| • 'n Mens moet vir twee nagte in die Kgalagadi (6.16 oorbly/oor bly) voordat jy deur die grenspos na Namibië mag gaan. | 6.16 | Kies die korrekte spelling. |
| Toegang van Botswana na die Kgalagadi gaan (6.17 maklik) wees omdat hulle die pad van die Molopo-rivier na Bokspits gaan teer. | 6.17 | Gee die vergrotende trap. |
| Dit sal omtrent nog (6.18 (29) ) maande duur. | 6.18 | Skryf die getal 29 uit in woorde. |
| • 'n Deel van die Richtersveld is einde Junie as Suid-Afrika se agtste wêreld-erfenisgebied aangewys. Die grenspos by Sendelingsdrift is ook opgegradeer. Hulle sal (6.19 voertuig) met 'n vlot | 6.19 | Gee die meervoudsvorm. |
| oor die Oranjerivier vervoer om 'n draai van amper 50 (6.20 kilometer) uit te sny. | 6.20 | Gee 'n afkorting vir die woord. |

[Verwerk uit: *Weg*, September 2007]

**[20]**

- Voltooi die sinne in die linkerkantste kolom met behulp van die instruksies in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die volledige, korrekte sinne in die ANTWOORDEBOEK neer.

## (SÓ) PAK (JY) LIEFDE EN ENERGIE IN 'N KOSBLIK



| | | |
|---|---|---|
| Sandra Harper se boek, *Blink idees vir kosblikke*, is 'n wenner. | | |
| Ma's sê altyd dat (6.21 "Ons wil gesonde kos inpak."). | 6.21 | Skryf in die indirekte rede. (2) |
| Indien (6.22 Die kos lyk heerlik. Die kinders sal die kos eet.). | 6.22 | Verbind die twee sinne soos aangedui. (2) |
| (6.23 Hierdie boek sal enige ma help.). Die antwoord? Sandra se boek, natuurlik! | 6.23 | Verander die sin in 'n vraag op die antwoord wat gegee word. Begin jou vraag met 'n vraagwoord(e). (1) |
| Daar is idees om (6.24 Vul die sportman se kosblik.) met kos wat hope energie verskaf. | 6.24 | Voltooi die sin in die infinitief. (1) |
| Sandra het (6.25 by die Suid-Afrikaanse Lugdiens/vir 'n paar jaar/baie hard) gewerk met spysenering vir die vlugte. | 6.25 | Gee die korrekte woordorde. (1) |
| Sy het baie ervaring opgedoen en daarom (6.26 Sy het besluit dat dit tyd was om 'n boek te skryf.). | 6.26 | Gee die korrekte woordorde. (1) |
| Sandra se eerste wenk vir ma's is dat hulle (6.27 altyd dieselfde kos moet inpak). | 6.27 | Voltooi in die ontkennende vorm. (2) |
| Tieners wil ontwerperskos eet wat (6.28 Die kos maak ander tieners groen van jaloesie.). | 6.28 | Gee die korrekte woordorde. (1) |
| Baie belangrik: Tieners behoort (6.29 Drink altyd genoeg water.). | 6.29 | Voltooi die sin in die infinitief. (1) |
| Sluit 'n energieryke happie in, maar onthou: (6.30 Julle moet kinders met 'n lekkerny bederf.). | 6.30 | Skryf die sin in die lydende/ passiewe vorm. (1) |
| Sandra sê: "(6.31 dat sy op spesiale dae 'n kort boodskappie in die kosblik sit)." | 6.31 | Skryf in die direkte rede. (2) |
| (6.32 Baie ma's kry al komplimente met Sandra se ontwerperskos vir tieners!). | 6.32 | Skryf in die verlede tyd. (1) |
| Hierdie boek is werklik 'n wenresep! | | |

[Verwerk uit: *Rapport,* 27 Maart 2005]

**[16]**

**VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID – STROKIESPRENT**

- Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae. Ben het by sy huis laat aanbou. Hy is ontevrede met die werk wat gedoen is. Ben praat in Prentjie 1 met die bouer. In Prentjie 2 antwoord die verwer vir Ben.




[Verwerk uit: *Rapport*, 14 November 2004]

**VRAE:**

7.1 Hoe verskil die manier waarop Ben praat van die manier waarop die verwer praat? (2)

7.2 Watter stereotipering vind ons in Ben se spreekbeurt? (1)

7.3 Wat bedoel Ben met die woorde 'n "plaas se prys"? (1)
**[4]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**